

DIE KLEURKRISIS EN DIE WESTE

DEUR DR. B. J. MARAIS

MISKIEN is daar ten opsigte van rasselfeskouings, oordele en vooroordele, geen enkele begrip waaromheen daar soveel dwaalleer en legende geweef is as rondom die begrip **bloed** nie.

Op baie maniere dui ons taalgebruik aan hoe fundamenteel die rol van bloed beskou word in die oordra van rasselfeskappe en selfs nasionale kultuur. Op die een of ander misterieuze wyse sou al die dinge in die bloedstroom van 'n ras verborge lê en van geslag tot geslag oorgedra word.

Die bloedstroom van 'n familie, volk of ras word soms voorgestel asof dit min of meer die draer is van alle potensialiteit waartoe daardie besondere familie, volk of ras in staat is. Dit sou van die **bloed** afhang wat die moontlikhede vir ontwikkeling is. Ons praat dan ook graag van **blou** bloed, of van 'n **vol**-bloed perd, en in Engels van „**half**-bloeds.“ By ons sê ons selfs hy het **swart** bloed of **baster**-bloed of **gemengde** bloed in sy are. En dan voel ons dat dit van die betrokke persoon 'n bepaalde soort meerderwaardige of minderwaardige „tipe“ maak. Die bloed is reg of dis nie reg nie. Onder ons ouer families is dit 'n term wat 'n mens bykans elke dag verneem. In dicereteelt word die term ewe wyd en betekenisvol gebruik om minder- of meerderwaardigheid of gelyk- of anderssoortigheid aan te duі.

Gedurende die afgelope dekades is daar besondere nadruk gelê op hierdie misterie van bloedgebondenheid t.o.v. die rasselfe.

Selfs in wetenskaplike en sg. wetenskaplike kringe is daar op baie onverantwoordelike wyse oor hierdie onderwerp geskryf en gepraat. Rondom die bloedidee is groepe mense teen mekaar opgesweep of teen mekaar afgespeel. Agter alle uiterlike ooreenkoms of verskil sou daar die **bloed** wees wat beslis, wat saambind of verdeel. Die sg. bloedlyn van mense is tot by die derde en die vierde geslag nagevors om seker te wees dat daar nie érens „onsuiwer“ of „minderwaardige“ bloed ingekom het nie.

Dit word dikwels voorgestel asof die **bloed** die besondere erfenis is wat die kind van die ouer ontvang, dat sy toekomstige lewenspatroon in 'n groot of selfs beslissende mate deur die bloed wat hy van sy ouers erf, bepaal word. Min bewerings behels minder waarheid en word tog so algemeen aanvaar en met soveel emosionele gloed in woord en geskrif aangewend.

Vir baie mense sal dit 'n verrassing wees om te verneem dat die wetenskap tot vandag toe nog hoegenaamd **geen** verskil in die bloed van verskillende „rasse“ kon aandui nie. Die bloed van alle rasselfe is eenders en dieselfde. Die wetenskap word in hierdie verband vandag die prediker, en wat hy preek is die ou Bybelse woord. „God het uit één **bloed** al die nasies van die aarde gemaak.“

Natuurlik kan alle mense se bloed in vier bloedgroepe verdeel word (A, B, AB+O), maar dit het nijs met kwaliteit te doen nie, bloot met kwantiteit. En hoewel die een of ander bloedgroep meer dikwels

by sekere volke voorkom, kom alle bloedgroepe dikwels by alle volke of rasselfe voor. Die wetenskap weet vandag dat daar, vir sover die mens kan vasstel, hoegenaamd geen verskil is tussen die bloed van verskillende rasselfe nie. Die bloed van alle mense is in alle opsigte dieselfde.

Professor H. S. Jennings van Johns Hopkins wys daarop dat die oorerwing van eienskappe nie so eenvoudig is as wat ons dit soms vir ons voorstel nie en dat dit nie deur die bloed bepaal of gedra word nie. „Characters are not inherited at all; certain material which will produce a particular character under certain conditions is inherited. There is no such thing as a unit carrier of characters.“ Met ander woorde daar is geen fisiese predestinasie nie, iets wat altyd die hoop en fort was van die voorstanders van die rasselfe.

Behalwe die feit dat die bloed van alle mense eenders is, is daar die tweede, belangrike faktor om te benadruk, nl. dat **bloed geheel en al niks te doen het met die oordra van erflikheidseienskappe nie**. Die geloof dat die bloed die draer is van sekere rasselfe- of familie-eienskappe, het hoegenaamd geen werklikheidsgroond nie. Bloed het met die hele saak niks te doen nie. Dobzhansky en andere het hierdie feit bo enige twyfel gestel.*

*Vgl. Jacques Barzyn: **Race: A Study in Modern Superstition**, p. 14. "The blood of neither parent is directly communicated to the offspring."

Daar bestaan hoegenaamd geen grond vir die ou bygeloof dat die bloed van die verwagende moeder oorgedra word in die kind nie. Daar is geen oorgang van bloed tussen verwagende moeder en kind nie. Die kind maak sy eie bloed en dit kan aangetoon word dat die bloed van die kind verskil van sowel die bloed van die vader as die bloed van die moeder.

Nie in bloed nie, maar in genes-distribusies lê die erflikheidspatroon opgesluit. Hierdie studierigting het reeds vár gevorder. Strandskov se verklaring vind vandag baie wye steun: „All in all, the study of human gene-distributions promises to be one of the most fruitful avenues of research which has been opened up in the field of human biology within recent years.“

Elke geslagsel van dieselfde individu verskil wat genes betref, en omdat daar so 'n verbasende verskeidenheid van genes bestaan en die verskillende moontlikhede en kombinasies so oneindig groot is, is dit baie onwaarskynlik dat twee individue, behalwe identiese tweelinge, ooit dieselfde kiemplasmas sal hê. Selfs broers en susters het verskillende oorgérfde eienskappe.

Die ou rasselfe wat gegrond was op die opvatting dat 'n groep of ras sy erflikheidseienskappe deur gemeenskaplike bloed ontvang het, het in 'n tyd ontstaan toe mense nie geweet het van die bestaan van genes nie. Toe is geglo dat die bloed van die ouers „meng“ en dat die bloed van die kind tussen

dié van die twee ouers lê. Namate ander bloedtipes met dié van 'n sekere groep vermeng deur ondertrouery, sou daar 'n gemengde groep of ras ontstaan. As 'n besondere groep egter vir 'n lang periode nie deur „bloed" van buite beïnvloed word nie, sou dit al meer eenselwig word en ontwikkel in 'n besondere tipe of 'n „suiwer" ras.

Om saam te vat: Daar bestaan met ander woorde nie so iets as minder- of meerderwaardige bloed nie, en die hele filosofie wat op bloed gebou is as draer van erflikheidscienskappe berus op sand, of minder as sand—dit berus letterlik op **niks**. Al wat die wetenskap die mens in verband met bloed kan leer, is 'n herbevestiging van die groot woord van die Nuwe Testament dat **alle** mense uit één bloed is, afgesien van ras, taal, kleur of kultuur. Ons het **dieselfde** bloed in ons are.

FANTASIE EN FEIT

FANTASIE:

Toe mn. Strydom onlangs van Jan Smuts lughawe na Engeland vertrek het, was daar 'n man met 'n Vierkleur in sy hand. Toe 'n vreemdeling hom vra: „Watter vlag is dit wat u hou?" was die antwoord: „Dit is ons vlag, die Vierkleur, wat die Britte in 1902 van ons weggeneem het. Ons sal nie rus totdat dit aan ons teruggegee is nie."

FEIT:

Die man glo dat hy namens die Afrikanervolk praat. Het hy al ooit nagedink oor wat die Vierkleur werklik was? Die historiese feit is dat in 1899 met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog, was die Vierkleur die vlag van één deel van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Republiek onder President Kruger. Die Vrystaat het sy eie vlag gehad, en die Kaap en Natal was kroonkolonies onder die Britse vlag. Op grond waarvan kan die Nasionaliste van die Transvaal beweer dat die Vierkleur die vlag is waaraan alle Afrikaners trou verskuldig is, en hoe kan hulle probeer om hierdie vlag op die hele land af te dwing? Die Vierkleur is nie die simbool van nasionale eenheid nie, maar wel van 'n valse sentimentaliteit wat deur Strydom en sy kliek gebruik word om die dominasie van die Transvaal in die Nasionale Party te bevorder.

Who are the "Black Sash"?

SOUTH AFRICAN WOMEN VOTERS WHO INHERIT DEMOCRATIC RIGHTS AND ARE THEREFORE PREPARED TO SHOULDER THE RESPONSIBILITIES OF DEMOCRACY, AND WHO STAND TOGETHER TO PROTECT THIS HERITAGE FOR THEIR CHILDREN.

REGIONAL REPORTS

PORT ELIZABETH

ON Friday, 10th August, Port Elizabeth had its first visit from Dr. Verwoerd. About 40 women lined up at the Port Elizabeth Airport to meet his plane. Forty is a far cry from the 16 we mustered last year at the same time to meet Senator De Klerk. We saw him off and, as it was Saturday afternoon, there were close on 50, with four from Addo, who had felt it most worth while to come 35 miles to stand with us on this occasion. The wind blew at gale force and as cold as the arctic, but no one complained or dropped out during the half-hour wait. Since we broke our membership up into branches in P.E., the arrangements seemed to go very smoothly indeed, for "sashing" these ministers. We noticed about four of the Minister's supporters seeing him off.

LOWVELD

Pilgrims Rest: It has been decided that Pilgrims Rest and Graskop will amalgamate into one branch, with Mrs. Loseby as Chairwoman, as Pilgrims Rest found it impossible to form a sufficiently strong committee after the loss of the Chairwoman, Mrs. Kuyper. Owing to the closing down of the mines, Pilgrims is losing members daily. Every effort is being made to discover their future addresses, which will be forwarded to their new regions. The amalgamation should be very successful, as Graskop was too far from Sabie for many members to attend meetings there.

OSCAR No. 2.

THIS month our congratulations go to the Natal Midlands Region, especially to Pietermaritzburg itself, on its magnificently organised Protest Meeting on 31st July. About 750 people were present in the City Hall, and heard speeches by Mrs. Nell Green, Acting-National Chairman of the Black Sash, Professor G. Durrant, General Selby, and Mr. Alan Paton.

To advertise this important event, local members of the Black Sash went from house to house distributing leaflets.

The spirit behind those who arranged this meeting was aptly described by Herbert in the early seventeenth century.:

Dare to be true: nothing can need a lie;
A fault which needs it most, grows two thereby.

The Editor regrets that Phyllis Lewsen's "Union" and the Hon. Justice Lucas' "Parliamentary Terms and Usages" have had to be held over for the October issue.